



## Jaarprogram vir 2022 – irrelevant en onbruikbaar?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Hoe beplan ons vir onsekere tye? Die afgelope twee jaar het ons daaraan herinner dat die mens en sy/haar uitvindings maar stof is... Min jaarprogramme het die doel bereik waarvoor dit opgestel is. Die beginsel om 'n skip te bou terwyl hy op die water vaar, is hier van toepassing. Gemeentes het dag na dag die aanpassings gedoen wat intyds nodig was.**

Om te beplan en te organiseer, is een van die basiese bestuurskomponente waarvoor 'n kerkraad verantwoordelikheid moet aanvaar. Take en aktiwiteite wat uit die bedieningsplan voortspruit, het nodig om gekoördineer en met lidmate gekommunikeer te word.

### Ons jaarprogram vertel die verhaal van wie ons is

Om Christus in die wêreld bekend te maak, gebruik die Heilige Gees die geloofshandeling van die gemeente/gelovige: viering, gemeenskap, diens en getuigenis. 'n Jaarprogram verwoord 'n gemeente se droom en roeping en word in 'n volgende fase in bepaalde take omskep om aan die roeping uitvoering te gee. 'n Gemeente kies op grond van beperkte hulpbronne om met spesifieke take besig te wees. Covid het ons geleer om diep te onderskei tussen wat wesenlik en minder wesenlik is en dienoreenkomstig prioriteite daar te stel: Ons sal gewoon vir sekere aktiwiteite JA moet sê en vir ander NEE! Alles waarmee die gemeente besig is, is dus nie ewe belangrik nie!

Om 'n jaarprogram sinvol te skryf, is 'n goed geformuleerde bedieningsplan 'n voorwaarde. Strategiese leierskap en diep besinning oor kerkwees in die 21ste eeu help die kerkraad om nuwe antwoorde en werkbare oplossings vir hierdie unieke tyd te genereer. Waarmee is ons besig en hoe formuleer 'n gemeente sy roeping vir 'n nuwe tyd wat steeds besig is om te ontvou?

Elke gemeente en lidmaat van die Kerk word geroep om in geloof en vertroue te luister na die roepstem van die Goeie Herder, en Hom te volg waar Hy ons ook al lei. Wat is die Here se wil met betrekking tot hierdie spesifieke gemeente se bediening? Die plan word gerig op 'n nuwe, lewenskragtige en roepingsgetroue manier van kerkwees. Gevolglik is dit nodig om die bedieningsplan oop en organies te benader.

Die meeste gemeentes is tans in die proses om jaarprogramme te finaliseer. Laasgenoemde dwing die leierskorps om die visie en roeping van die gemeente af te stof. Hoe vergelyk die gemeente se jaarprogramme van 2018, 2019, 2020, 2021 en 2022 met mekaar? Is daar bepaalde verbande en/of tendense? Soms is dit nodig om met 'n skoonbladsybenadering (*tabula rasa*) te werk: Kom ons dink weer diep na oor die funksie en rol van elke aktiwiteit/item op die jaarprogram. Elke aktiwiteit het koste-implikasies.

### Wat wil ons in 'n jaarprogram vaslê en kommunikeer?

- Betekenisvolle saamweesgeleenthede vir geloofsgemeenskap het verlore geraak. Hoe kan die inhoud van 'n jaarprogram ons lidmate weer herorganiseer rondom betekenisvolle geleenthede wat die gemeente vir sy lidmate aanbied?
- Wat is 'n betekenisvolle geleentheid vir hierdie geloofsgemeenskap?
- Is dit nodig om hierdie aktiwiteite en betekenisvolle oomblikke opnuut aan die geloofsgemeenskap bekend te stel of te bemark?
- Kan die jaarprogram nie eerder elektronies versprei word nie?
- Is vinnige aanpassings in vinnig veranderende tye moontlik?
- Hou vir eers by die basiese inskrywings van die kerklike/liturgiese jaar.
- Hou strukture veranderlik en lig!
- Hoe kan die gemeente die onderskeie aktiwiteite ontbondel en in kort videorepe via multimedialplatforms aan lidmate bekendstel?

Mag ons beplanning vir 2022 geseënd en vrugbaar wees!

## Lief en leed



Ds Jan Wilson

- **Emerituspredikant ds JF (Jan) Wilson** (65) is al meer as agt weke lank in die hospitaal, en is pas vir nog ses weke daar bespreek vir die kweek van antibiotika. Daar was infeksie in die heupbeen, en hy moes 'n operasie ondergaan. Ons bid hom krag en die Heer se nabyheid toe.



Ds Marna van der Westhuizen

- **Ds MJ (Marna) van der Westhuizen** (46) (beroepafwagting) is besig om tuis goed aan te sterk nadat sy 'n groot operasie ondergaan het en daarna weer in die teater opgeneem moes word. Ons bid haar volkome herstel toe.

- **Oudl Frits Smit** van Kaapstad (kassier en jarelange lid van die Kommissie van die AKV) is steeds in die UCT Netcare-hospitaal se intensiewesorgeenheid. Hy is steeds baie swak, maar verbeter geleidelik. Ons bid hom algehele herstel toe.

- **Oudl DL (Dawid) Diedericks**, sekonduslid van die Kommissie van die AKV en lidmaat van Gemeente Bronkhorstspuit, het onlangs geval en sy heup gebreek. Ons bid hom spoedige herstel toe.

- **Prof AB (Ananda) Geysler-Fouché** van UP het 'n tweede PhD-graad verwerf, dié keer in Semitiese Tale. Die titel van haar proefskrif is: *The Ideological Necessity for the Transformation of the Lady Metaphors in Judaic Wisdom Literature*. In die proefskrif ontleed sy die metafoor van verpersoonlikte wysheid in die Judaïese wysheidskorpusse om te sien hoe hierdie "karakter" verander het en hoe hierdie metafoor in verskillende tekste vir verskillende kontekste gebruik is. Die vrou (wysheid of dwaasheid) is met spesifieke kontekstuele en kulturele eienskappe uitgebeeld en het 'n kontekstuele standpunt verteenwoordig, gevul met kontekstuele waardes, oortuigings en ideologieë. Die transformasie van die Dame-metafore in verskillende Judaïese wysheidskorpusse kan verklaar word wanneer elke teks gelees word teen sy konteks, die beoogde gehoor en die waarskynlike ideologiese dryfkrag daaragter. Die graad is op 17 September 2021 aan haar toegeken.



Oudl Frits Smit

- Baie geluk aan **prof WA (Wim) Dreyer** wat Maandag 15 November in die TuksSport-eregalery opgeneem word. Hy het in 1974 as leerling aan Afrikaans Hoër Seunskool met skerm begin, en oor 'n tydperk van meer as 20 jaar provinsiale, Springbok- en Protea-kleure verwerf. Hy het oor die jare verskeie medaljes verower, die laaste op die ouderdom van 42 by die Afrikakampioenskappe van 2000. Na sy aftrede as skermmer het hy voortgegaan met afrigting. Agt van die skermers wat hy as kinders onderrig het, het later nasionale kampioene geword. **Die foto hierby** is in 1982 geneem, toe hy sy Springbokkleure gekry het. Hy is aan die linkerkant, en sy teenstander is Neil Klug; met die aanval het Wim Dreyer hom geklop en die eerste keer nasionale kleure verwerf.



Prof Ananda Geysler-Fouché

- Tydens die legitimasiegeleentheid Donderdagmiddag 18 November word twee studente toegelaat tot die evangeliebediening. Hulle is **Hanri Aucamp en Yvette Marais**. Akademiese toekennings sal ook gemaak word. Die geleentheid vind om 16:30 plaas in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Die erediens sal gelei word deur prof Yolanda Dreyer.

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 November 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 11 November: Ds AH (Adriaan) Roets (62) (Swartkop)
- Saterdag 13 November: Ds IL (Innes) Benade (63) (Oudtshoorn)
- Sondag 14 November: Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (55) (Middelburg)
- Maandag 15 November: Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg (54) (Zuurfontein), di F du C (Francois) Labuschagne (91) (emeritus), PJO (Pieter) Pretorius (75) (emeritus) en K (Kristy) Claassen (36) (studerend/buiteland)

- Dinsdag 16 November: Dr WC (Wian) Kloppers (65) (emeritus) en ds CH (Casper) du Plessis (68) (emeritus/Odendaalsrus)

## Gemeentes en bediening

- Die **Sinodale Dienssentrum sluit** op Woensdag 15 Desember 2021 en **heropen** op Maandag 3 Januarie 2022.
- Tydens 'n ringsvergadering op Woensdag 3 November op Potgietersrus is die nuwe **ring van Noordelike Bosveld** gebore, toe die drie bestaande ringe van Zoutpansberg, Waterberg en Potgietersrus, asook twee gemeentes uit die ring van Middelburg, naamlik Marble Hall en Van der Hoff, tot een ring saamgevoeg is. Die volgende ampsdraers is as Ringskommissie verkies: voorsitter dr DJC (Daan) van Wyk (jr); skriba dr BJ (Barry) van Wyk; ouderlinge K (Kerneels) Kern en G (George) Marais; diakens BJ (Ben) van Buuren en J (Jan) Dercksen.
- **Prop Brits Janse van Rensburg** van die NG Kerk het die beroep aangeneem na die samewerkende kerke in Harare.
- **VAKATURE: Kerkbeampte.** Aansoeke word ingewag vir 'n nuutgeskepte pos van **Kerkbeampte** vir die samewerkende gemeentes **Pretoria en Wonderboom-Suid** van die NHKA. Die kantoor is in Wonderboom-Suid se kerkgebou, 10de Laan, Wonderboom-Suid, gevestig. Die pos is in Januarie 2022 beskikbaar, en die werkure is tussen 08:30 en 12:30 vir vier werkdag per week. Die posbekteler moet ook twee aande per maand beskikbaar wees vir vergaderings. Die pligte behels kantooradministrasie en is ondersteunend van aard.



Prop Brits Janse van Rensburg

Vorige ervaring in die werking van 'n kerkkantoor sal 'n aanbeveling wees. Bewese ervaring in Microsoft-programmatuur is noodsaaklik, terwyl ondervinding in Winkerk en Sage Accounting 'n aanbeveling sal wees.

Goeie menseverhoudings is 'n vereiste, en handhawing van vertroulikheid is noodsaaklik. Die posbekteler moet inpas by die etos van die gemeentes en sal oor 'n sterk organisatoriese vermoë moet beskik.

Die salarispakket is onderhandelbaar en riglyne in dié verband is op aanvraag by Dawie Pretorius by 082 652 2320 beskikbaar.

Voornemende aansoekers word versoek om 'n CV en 'n toepaslike motivering **voor 17 November 2021** na [dawie@infopark.co.za](mailto:dawie@infopark.co.za) te stuur. Onderhoude sal in November 2021 plaasvind en daar sal gepoog word om die suksesvolle aansoeker gedurende Desember 2021 in kennis te stel.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Carletonville.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA wat hierdie werkruimte deelyds kan bedien.

**Gemeenteprofiel:** Die gemeente bestaan sedert 1958 en is een van twee NHKA-gemeentes in Carletonville. Die sieletal is tans ongeveer 365. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n gemiddelde ouderdom van 57 jaar. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook 'n ruim, gerieflike pastorie.

**Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passiewolwe verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-ervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente verwag van aansoekers om 'n erediens in die gemeente waar te neem en die volgende vraelyste te voltooi en terug te stuur:

- Persoonlike inligting.
- MBTI-persoonlikheidsprofiel.
- Spiritualiteitstipe.

**Aansoeke sluit op 30 November 2021** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, [nhkacville2@gmail.com](mailto:nhkacville2@gmail.com). Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Centurion-Oos.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA vir die voltydse standplaas van hierdie gemeente wat op 1 Desember 2021 vakant sal raak.

### **Gemeenteprofiel**

Gemeente Centurion-Oos is een van agt Hervormde gemeentes in die ring van Pretoria-Wes. Die gemeente is in 1965 gestig. Die sieletal van die gemeente is sowat 741, waarvan 606 belydende lidmate is. Die ouderdomsgroepering is redelik verspreid, met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal met kombuis en kategeselokale. Die gemeente beskik oor 'n ruim vierslaapkamerpastorie met 'n gevestigde tuin in 'n woongebied weg van die kerkgebou af.

Hierdie tipies voorstedelike gemeente bedien Lyttelton, Doringkloof, Zwartkop, Pierre van Ryneveld, Hennospark, Clubview, Highveld, Monumentpark, Irene, Kloofsig en Ecopark.

Die gemeente word bedien deur 'n voltydse predikant, 'n deeltydse predikant en twee ingekontrakteerde predikante met spesifieke opdrag. Die gemeente is bekend vir luisterryke eredienste, gemeentesang, warm liefde en uitreik na mekaar en die gemeenskap, en bo alles vir verrykende toerusting in die vorm van Bybelstudie, Bybelskole, aanlyn kursusse en prediking.

### **Waardes**

- 'n Lewende verhouding met God.
- Navolging van Jesus Christus.
- Oop vir die leiding van die Heilige Gees.
- Geestelike groei.
- Diensbaarheid.
- Onderlinge gemeenskap van gelowiges (*koinonia*).
- Ononderhandelbare Bybelse beginsels.
- Kritiese Skrifbeskouing.
- Dinamiese, relevante bedieningsmetodes.
- Uitnemendheid.

### **Visie**

God regeer as Koning en laat ons toe om deel van sy koninkryk te wees:

- God roep ons om sy koninkryk sigbaar te maak in die wêreld.
- Ons word verdiep in die geloof deur die werking van die Woord en Gees.
- Ons is dissipels wat dissipels maak wat dissipels maak.
- Ons is 'n geloofsgemeenskap gekenmerk deur warmte, liefde en gasvryheid.
- Ons is 'n gemeente wat met omgee en troos uitreik na die wêreld.

Ons is deel van talle geloofsgemeenskappe wat dien in die koninkryk van God.

### **Missie**

Ons missie is om ons Heer en Verlosser te eer, deur bewustelik die gemeente voortdurend met Woord en Gees (geestelik) op te bou as dissipels wat –

- omgee vir mekaar en die gemeenskap;
- mekaar en die gemeenskap bedien met die gawes wat die Heilige Gees vir elkeen gee;
- besorg is daarvoor dat alle mense binne hul werk- en lewensterrein voortdurend na God sal terugkeer; en
- dissipels maak.

### **Posbeskrywing**

Dit is 'n voltydse standplaas met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf.

Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word, met inagneming van die leraar se aantal jare diens. Voorts sal die leraar ook van 'n selfoontoelaag voorsien word. Die leraar kan 'n keuse uitoefen of hy/sy die pastorie wil bewoon of self behuising wil voorsien, in welke geval 'n onderhandelde behuisingssubsidie en betaalde munisipale dienste en tuindienste verskaf sal word.

### Aansoeke

**Aansoeke sluit op 1 Desember 2021.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die skriba, Andries Steyn, by [andries@zonemail.co.za](mailto:andries@zonemail.co.za). Navrae kan aan die skriba gerig word (082 800 6800). Die Kerkraad behou die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie, of 'n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om 'n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- Die gekombineerde gemeentes **Belfast en Waterval Boven** het **preekgeleenthede** beskikbaar gedurende **Desember en Januarie**. Vergoeding sal vir twee preke, reiskoste en tolhekgelde betaal word. Kontak mev Anita Boooyse (skriba Waterval Boven) by 072 590 1052.

## Vergaderings


- Donderdag 11 November: Pensioenvergadering
- Woensdag 17 November: Direksie Kinderhuise
- Donderdag 18 November: Kommissie van die AKV  
Legitimasie
- Vrydag 19 November: Kommissie van die AKV

## Kerklike publikasies



## Toerusting

- **Eerskomende Maandag, 15 November**, is die laaste geleentheid van die jaar waar die studiegroep saam 'n Bybelteks bestudeer. Met die oog op die einde van die kerkjaar en Ewigheidsondag (21 November) lees ons dié slag saam **Hebreërs 13: 7-17**. Predikante kan gerus van 09:30 tot 11:00 by ons aansluit – óf by Gemeente Philadelphia óf via die onderstaande skakel. Kom ons deel ons voorbereiding en perspektiewe met mekaar. Ons verwelkom elkeen se bydrae.  
<https://us02web.zoom.us/j/89200896020>
- **NIMSA-konferensie & Algemene Jaarvergadering**  
**Dinsdag 30 November 09:00-13:00 via Zoom**  
Tema: Die beroepsproses  
Aanbieder: Dr Frederick Marais  
(Network for Interim Ministry in SA)




Departement van Teologie  
in samewerking met die



NEDERDUTSCH HERVOORMDE KERK VAN AFRIKA

## Diploma in Bediening Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6  
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deelydys



**Toelatingsvereistes**  
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

**Inskrywings vir Januarie 2022 open 1 Oktober 2021**

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

Navrae: Ds Bouwer Serfontein  
E-pos: [ministry@skillspro.co.za](mailto:ministry@skillspro.co.za)  
Selnommer: 082 339 7854

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.
- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za) vir meer inligting.
- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem en julle ook uitnoui na ons Aanvangskamp vir 2022. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za).

## 'n Gedig

### Blou raam

Bergaf blêr die toeter van die toeristebus  
tussen lammers van die nuwe seisoen.  
In die hoë portaal van jou huis  
meet ons arms die afstand van afskeid:

Ek wat moet rem teen woorde,  
jy wat bly staan  
in die smal kosyn.

Jou kromgetrekte skouers,  
taai soos takke van die tamarisk,  
rank al verder vas, maer en grys  
binne jou blou raam,

en onder die wit latei  
jou tenger hande  
wat aanhou waai.

### Lucie Möller

(Uit: *Versindaba 2009*,  
saamgestel deur Marlise Joubert)

## Konserte en feeste

- **Gemeente Horison Roodepoort** bied 'n **Kerslig-sangaand** aan op **Saterdag 27 November om 18:00**. Bekende sanger Mathys Roets tree op in die kerkgebou in Georginiastraat 34, Horison Roodepoort, waarna 'n driegangete in die kerksaal geniet word. Kaartjies beloop **R130 per persoon**. Vir navrae en besprekings, kontak dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of [gnel074@gmail.com](mailto:gnel074@gmail.com).

## Barmhartigheid

- **VAKANTE POS: Persoonlike Assistent: Diakonaat**. Aansoeke word ingewag vir hierdie vakante pos. Die suksesvolle kandidaat sal oorwegend vanuit 'n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir in-persoon-werksessies en -vergaderings.

### Posbeskrywing

'n Persoon met 'n passie vir barmhartigheid word benodig as persoonlike assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van dagboekbestuur, die uitvoer van take oor 'n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, elektroniese liassing en die invoer van transaksies op 'n elektroniese bankplatform. Dit alles moet gedoen kan word via elektroniese kommunikasieplatforms.

### Vereistes

- Uitstekende administratiewe vaardigheid.
- Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, in gesproke sowel as geskrewe taal.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
- Vaardigheid in ander Microsoft Office-programme word aanbeveel.
- Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
- Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as in-persoon-vergaderings.
- Basiese finansiële vaardigheid ten opsigte van die uitreik van fakture en hantering van transaksies via internetbankdienste.

### Vergoedingspakket

- Halfdagpos.
- R8 000 per maand, onderhandelbaar.
- Addisionele pensioen-werkgewersbydrae.
- Werk van die huis af, hoewel daar gereis moet word na vergaderings en werksessies soos nodig. Vergoeding vir reiskoste in uitsonderlike gevalle sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.
- 'n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

Sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2021**, met aanstellingsdatum 1 Januarie 2022. CV's met 'n motiverende skrywe moet gestuur word na [mannekrag@nhk.co.za](mailto:mannekrag@nhk.co.za).

- **NHSV Beurse en lenings 2022**. Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan [hier](#) afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021**.
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**  
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**  
Enkel- en deerkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer  
Verblyf met 3 etes ingesluit  
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand  
24-uur-versorging onderhandelbaar  
(maksimum R8 000 per maand deerkamer)



Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089

[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)

[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of [HannelieF@otmt.org](mailto:HannelieF@otmt.org).
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)

## Fondsinsamelings

- **Kersmark Vrydag 26 November 17:00**  
**Kokerboomstraat 16, Kathu**  
Kom geniet braaivleis en slaaie  
Varsgebakte koek en tert  
Klein koekies en beskuit  
Pannekoek en vele meer  
Navrae: [waldopretorius@gmail.com](mailto:waldopretorius@gmail.com)
- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**



Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Twee gebede

### 'n Onderwyser se gebed

Hemelse Vader,  
help my om die belofte raak te sien  
in elke kind wat aan my toevertrou is.  
Help my om die wonder en die vertrouwe te bewaar.  
In al my besluite, help my om regverdig te wees.  
Gee my die krag om my opdrag met sukses te vervul,  
en elke kind op u pad te begelei.  
Amen.

[spencerbarton.ca/a-teachers-prayer-8/](http://spencerbarton.ca/a-teachers-prayer-8/)

### 'n Gebed vir onderwysers

Heer, seën die onderwysers wat hul harte gee vir hul taak.  
Dankie vir die spesiale gawe wat U aan hulle geskenk het  
en dat U vir hulle 'n gees van welwillendheid en deernis gee.  
Mag hulle die krag en geduld vind om hul baie take te verrig,  
en mag hulle die opregte dankbaarheid ken en ervaar  
van diegene wat hulle onderrig het.  
Amen.

[www.pinterest.com](http://www.pinterest.com)

(Afrikaanse verwerkings: Tessa Oppermann)